HOEVEEL HEKTARE KAN 'N STAATSAMPTENAAR BEKOSTIG?

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

Suid-Afrika het baie landbougrond. Daar word op 86,1 miljoen ha geboer terwyl daar volgens die sensusopname van 2002 nagenoeg 45,818 boerdery-eenhede is. Dit beteken dat daar gemiddeld 1,881 ha per boer in Suid-Afrika beskikbaar is. Volgens 1993 se sensusopname was daar 57,980 eenhede. Dit is 'n afname van 21% wat beteken dat die gemiddelde boerdery-eenheid in nege jaar met 395 hektaar groter geword het.

Vir enige beweging, organisasie, vereniging of politieke party wat agter grondhervorming aanhardloop is dit natuurlik sensasionele statistieke om mee aan te voer dat boere se plase te groot is en dat hulle met gemak 'n deel daarvan vir grondhervorming kan afstaan. Ongelukkig beteken 'n hektaar in besit nie veel nie want dit genereer eers 'n inkomste as dit produktief aangewend word. Buiten die grond self, moet daar ook ander bates, soos trekkers en implemente, beskikbaar wees voordat saad en kunsmis of vee daarop aangewend kan word om 'n inkomste te realiseer. 'n Hektaar grond kan dus nie op sy eie welvaart genereer nie.

Winsgewendheid

Die gemiddelde resultate van die vernaamste akkerbougewasse van COMPUTUS se deelnemende boere in die Oos-Vrystaat verskyn in Tabel 1. Daarvolgens het koring 'n gemiddelde wins oor die afgelope vyf jaar van R601/ha gemaak teenoor die R808/ha van mielies. Vir dieselfde tydperk het aartappels 'n wins van R6,981/ha, bone 'n wins van R1,477/ha, sonneblom 'n wins van R574/ha en soja's 'n wins van R114/ha gemaak. In 2005 sal akkerbougewasse se wins aansienlik laer wees en in sommige gevalle selfs 'n verlies toon omdat graanpryse tans op die laagste vlakke in tien jaar is.

Met betrekking tot vee toon Tabel 2 aan dat melkbeeste vir die afgelope vyf jaar 'n gemiddelde wins van R1,873 per grootvee-eenheid (GVE) gemaak het. Teen 'n drakrag van vyf hektaar/GVE beloop die wins R375/ha. Die drakrag beteken dat vyf hektaar veld in die Oos-Vrystaat genoeg voedsel kan voorsien om 'n melkbees en haar kalf vir een jaar lank te kan onderhou. In die geval van vleisbeeste is die gemiddelde wins oor vyf jaar R569/GVE terwyl dit R114/ha beloop. Vir skape beloop die gemiddelde wins vir die afgelope vyf jaar vir die Hoëveld R218, die Karoo R209 en die Kalahari R30 per hektaar.

Die totale 86,186,026 ha waarop daar in Suid-Afrika geboer word is nie homogeen nie en lewer dus nie almal dieselfde wins nie. Daarom is sekere plase in die praktyk 100 hektaar groot terwyl ander selfs 30,000 ha groot kan wees. Die uiteindelik doel van 'n plaas se grootte is om, uit al die hektare saam, 'n lewensvatbare bestaan vir sy eienaar te kan voorsien.

Staatsalarisse teenoor boerdery-inkomste

Staatsamptenare se salarisskale vanaf posvlak 1 tot 12 is redelik vrylik vir die publiek beskikbaar. Dié van posvlak 13 en hoër, met ander woorde direkteure, direkteurs-generaal en ministers, is nie so vrylik beskikbaar nie. Vir die doeleindes van hierdie artikel is posvlakke 1 tot 12 egter voldoende en word die

gemiddelde salaris van elke posvlak in Tabel 3 aangetoon. Hiervolgens verdien ‘n klerk of sekretaresse op ‘n posvlak 1 gemiddeld R34,456 per jaar terwyl ‘n amptenaar op middelbestuursvlak op ‘n posvlak 12 gemiddeld R251,754 per jaar verdien. Tabel 3 toon ook aan hoeveel hektare van elke akkerbougewas teen die gemiddelde wins per hektaar wat in Tabel 1 bereken is, benodig word om vir ‘n staatsamptenaar dieselfde salaris te kan bied. So byvoorbeeld benodig die sekretaresse op posvlak 1, teen ‘n gemiddelde wins van R601/ha, 57 hektaar koring om vir haar dieselfde jaarlikse salaris te kan gee terwyl die persoon op middelbestuursvlak 419 hektaar koring moet aanplant om sy salaris van R251,754 te kan oplewer. Aartappels en bone benodig die minste hektare terwyl soja’s die meeste hektare benodig om dieselfde inkomste as ‘n staatsamptenaar op te lewer.

In die geval van vee word daar onderskeidelik 92 en 672 hektare vir melkkoeie benodig om dieselfde inkomste as ‘n posvlak 1 of posvlak 12 staatsamptenaar te verdien. In die geval van vleisbeeste is dit 303 en 2,211 hektare. Om met skape dieselfde jaarlikse salaris as ‘n posvlak 12 staatsamptenaar (R251,754) te verdien benodig die boer 1,155 hektare op die hoëveld, 1,202 hektare in die Karoo en 8,317 hektare in die Kalahari.

Plaasgrootte

In die praktyk word plaasgroottes deur ekonomiese kragte bepaal. Die hoeveelheid hektare wat ‘n boer besit is dus in die meeste gevalle nie ‘n statussimbool nie en kan ‘n boer nie sommer sogenaamde oorbodige hektare vir grondhervorming prys gee nie. ‘n Besliste aanduiding hiervan is dat die sensusopname van 2002 bepaal het dat 23,389 van die 45,818 boerdery-eenhede ‘n BTW-omset van minder as R300,000 per jaar gehad het. Dit beteken dat 51% van boere in Suid-Afrika se bruto boerdery-inkomste, dus nie netto wins per hektaar nie, skaars meer was as die salaris van ‘n posvlak 12 staatsamptenaar. Indien boerdery-uitgawes hiervan afgetrek word, kan daar dus met veiligheid aangevoer word dat meer as die helfte van Suid-Afrikaanse boere se verdienste laer is as wat middelvlakbestuurders in die staatsdiens verdien en dat dit waarskynlik eerder op die vlak van ondersteuningspersoneel is.

In Tabel 5 word die aantal hektare van elke vertakking wat dieselfde inkomste as posvlak 12 in die staatsdiens verteenwoordig, deur die totale hektare wat vir landbou beskikbaar, is gedeel. As alle hektare vir aartappels aangewend kon word sou daar 2 miljoen boerdery-eenhede kon bestaan met ‘n jaarlikse inkomste van R251,754 terwyl daar slegs 38,968 eenhede vir vleisbeesboerdery kon bestaan. Dit is nie prakties moontlik om plase so te verdeel nie omdat die klimaat en ligging ‘n belangrike rol speel in die tipe vertakking, of uiteindelik die kombinasie van vertakkings, wat op ‘n plaas bedryf word.

Die huidige plaasgroottes is grotendeels die resultaat van ekonomiese kragte. Die dalende boerdery-eenhede met die gevolglike toename in plaasgroottes kan toegeskryf word aan die ekonomie van skaal wat beteken dat boerderye gelydelik groter móét word om die koste/prys knyptang teë te werk. Dit is dus ‘n mite om te dink dat *bona fide* kommersiële boere se plase te groot is en dat hulle oortollige hektare beskikbaar het wat hulle vir grondhervorming beskikbaar kan stel.

BETHLEHEM
Februarie 2005

TABEL 1: VYFJAAR GEMIDDELDE PRODUKSIEKOSTE VANAF 2000 TOT 2004 VIR AKKERBOU

	Koring	Aartappels	Bone	Mielies	Sonneblom	Sojas
	R/ha	R/ha	R/ha	R/ha	R/ha	R/ha
Produkverkope	2166	20401	3269	2523	1879	1742
Versekering ontvang	122	85	23	18	27	29
Ander Inkomste & Voer	29	789	1099	509	146	116
TOTALE INKOMSTE	**2317**	**21275**	**4390**	**3051**	**2052**	**1887**
Saad	104	1738	426	199	116	149
Bemesting	361	1562	506	478	249	188
Onkruidbeheer	61	315	204	138	65	174
Plaagbeheer	58	1592	246	74	45	26
Droog, Skoon & Berg	34	22	4	34	16	15
Bemarking	21	2230	5	36	25	10
Oesversekering	207	87	162	103	129	218
Stroopkoste	57	2	90	41	51	33
Spuitkoste	32	168	54	10	5	4
Vervoerkoste	8	1049	7	10	0	5
Losarbeid	2	882	58	17	5	13
Direkte Brandstof	7	40	3	3	7	0
Direkte Reparasies	7	277	13	4	1	0
Verpakking	0	1512	26	-2	0	4
DIREKTE UITGAWES	**959**	**11475**	**1806**	**1147**	**715**	**838**
Finansieringskoste toegedeel	95	639	151	106	81	68
Permanente arbeid toegedeel	181	427	259	259	137	226
Reparasies toegedeel	406	1145	475	508	377	421
Brandstof toegedeel	76	608	223	222	168	220
TOEGEDEELDE UITGAWES	**757**	**2819**	**1108**	**1095**	**763**	**935**
TOTALE UITGAWES	**1716**	**14294**	**2914**	**2242**	**1478**	**1773**
VERTAKKINGSMARGE	**601**	**6981**	**1477**	**808**	**574**	**114**
Opbrengs (Ton geproduseer)	2.0	17.8	1.2	3.4	1.3	1.1
Prys/Eenheid (Rand/ton)	1135	12	3579	886	1614	1731

TABEL 2: VYFJAAR GEMIDDELDE PRODUKSIEKOSTE VANAF 2000 TOT 2004 VIR VEE

	Melk	Vleisbees	Skaap Hoëveld	Skaap Karoo	Skaap Kalahari
	R/GVE	R/GVE	R/GVE	R/GVE	R/GVE
Produkverkope	5607	47	498	747	0
Veeverkope	788	1553	2990	2740	2990
Vee-aankope	-124	-445	-507	-507	-507
Eindvoorraad	4485	4305	4387	4387	4387
Beginvoorraad	-4521	-4037	-5219	-5219	-5219
BRUTO PRODUKSIEWAARDE	**6236**	**1424**	**2148**	**2148**	**1650**
Voer aangekoop & geproduseer	589	69	67	0	0
Lekke & Kragvoer	2028	190	199	0	0
Veeartseny	137	59	99	40	20
KI-koste	48	6	4	0	0
Reiningingsmiddels	64	0	3	0	0
Produkversekering	0	1	1	0	0
Bemarkingskoste	140	35	200	200	200
Vervoerkoste	62	5	4	12	24
Arbeid	38	0	17	25	0
Brandstof	29	0	0	0	0
Reparasies	83	3	7	7	7
Konsultasies	99	2	3	3	3
Stoetuitgawes	0	4	42	0	0
Ander uitgawes	387	3	6	6	6
DIREKTE UITGAWES	**3704**	**375**	**651**	**293**	**260**
Koste van aangeplante weiding	439	270	227	0	0
Permanente arbeid toegedeel	159	106	99	99	99
Reparasies toegedeel	61	103	81	81	81
TOEGEDEELDE UITGAWES	**660**	**479**	**407**	**180**	**180**
TOTALE UITGAWES	**4363**	**854**	**1058**	**472**	**439**
VERTAKKINGSMARGE	**1873**	**569**	**1090**	**1676**	**1211**
Drakrag/GVE	5	5	5	8	40
Marge/ha	375	114	218	209	30
Prys/Eenheid (Rand/liter)	1.95	1553.30	581.35	581.19	498.33

TABEL 3: SALARISE VAN STAATSAMPTENARE EN HEKTARE BENODIG VIR AKKERBOU-INKOMSTE

Posbeskrywing	Posvlak	Gemiddelde salaris	Hektare benodig om salaris te behaal					
			Koring	Aartappels	Bone	Mielies	Sonneblom	Sojas
Klerke & sekretaresses	1	R 34,456	57	5	23	43	60	302
Klerke & sekretaresses	2	R 38,601	64	6	26	48	67	339
Klerke & sekretaresses	3	R 45,247	75	6	31	56	79	397
Klerke & sekretaresses	4	R 53,098	88	8	36	66	92	466
Klerke & sekretaresses	5	R 63,136	105	9	43	78	110	554
Ondersteuningspersoneel	6	R 77,766	129	11	53	96	135	682
Ondersteuningspersoneel	7	R 97,371	162	14	66	120	170	854
Ondersteuningspersoneel	8	R 120,298	200	17	81	149	210	1056
Middelbestuur	9	R 145,286	242	21	98	180	253	1275
Middelbestuur	10	R 179,289	298	26	121	222	312	1573
Middelbestuur	11	R 209,168	348	30	142	259	364	1835
Middelbestuur	12	R 251,745	419	36	170	311	438	2209

TABEL 4: SALARISE VAN STAATSAMPTENARE EN HEKTARE BENODIG VIR VEE-INKOMSTE

Posbeskrywing	Posvlak	Gemiddelde salaris	Hektare benodig om salaris te betaal				
			Melk	Vleisbees	Skaap Hoëveld	Skaap Karoo	Skaap Kalahari
Klerke & sekretaresses	1	R 34,456	92	303	158	164	1138
Klerke & sekretaresses	2	R 38,601	103	339	177	184	1275
Klerke & sekretaresses	3	R 45,247	121	397	208	216	1495
Klerke & sekretaresses	4	R 53,098	142	466	244	253	1754
Klerke & sekretaresses	5	R 63,136	169	554	290	301	2086
Ondersteuningspersoneel	6	R 77,766	208	683	357	371	2569
Ondersteuningspersoneel	7	R 97,371	260	855	447	465	3217
Ondersteuningspersoneel	8	R 120,298	321	1056	552	574	3974
Middelbestuur	9	R 145,286	388	1276	666	694	4800
Middelbestuur	10	R 179,289	479	1574	822	856	5923
Middelbestuur	11	R 209,168	558	1837	959	998	6910
Middelbestuur	12	R 251,745	672	2211	1155	1202	8317

TABEL 5: AANTAL EENHEDE VIR ELKE VERTAKKING

Vertakking	Eenhede
Koring	205883
Aartappels	2390117
Bone	505547
Mielies	276697
Sonneblom	196563
Sojas	39016
Melk	128240
Vleisbees	38986
Skaap Hoëveld	74638
Skaap Karoo	71718
Skaap Kalahari	10363